# GRAAD 12 GEDIG 7
# **pryslied – Antjie Krog**
# **ONTLEDING**

## A INLEIDING

ʼn Pryslied is presies wat die naam sê: dit is ʼn lied waarin iemand of ʼn bepaalde saak geprys of vereer word. Dit het ʼn belangrike plek in die letterkunde van Afrikakulture. ʼn Pryslied is ʼn samevatting van die belangrike eienskappe en besonderhede van die persoon/ held/leier wat beskryf word. ʼn Pryssanger *(imbongi)* is soos ʼn reklameagent *(marketing agent)* vir die persoon wat besing word.

Die pryslied bevat baie eiename *(proper nouns)* – die imbongi gee vir die leier eerbenaminge *(names of honour)* en noem ook al die voorgeslagte *(ancestors)* van die leier. Die lys van Nelson Mandela se voorgeslagte in hierdie gedig is dus tipies van die pryslied, want dit klink gewoonlik soos ʼn geslagregister *(family tree)*. Hierdie name van die voorgeslagte simboliseer dat die generasies by mekaar geleer het en dat daar kommunikasie is tussen die lewendes en die dooies. Hulle vorm deel van die verhaal van die persoon wat besing word.

ʼn Pryslied is **klankryk** omdat dit ʼn **liriese gedig** is. Omdat dit ʼn lied is, verwag ʼn mens dat daar ʼn **ritmiese** en **musikale** effek moet wees. Dit word ondersteun deur **alliterasie** en **assonansie**. **Herhaling** kom ook voor: die herhaling van klanke, woorde, versreëls en beelde skep eenheid en gee ʼn ritmiese en musikale klank aan die gedig. Herhaling hef ook sekere belangrike woorde uit.

Die gedig is geskryf as ʼn **pryslied** vir oudpresident Nelson Mandela toe hy op 10 Mei 1994 as president van ʼn nuwe, demokratiese Suid-Afrika ingehuldig *(inaugurated)* is.

## B ONTLEDING

1. **Alleenplasing:** “vandag” (versreël 2)
2. **Figuurlike (beelde):** “kop en skraal skouers staan hy bo almal uit” (versreël 4). Die woorde het ʼn wyer betekenis.
3. **Herhaling:** “(hier) staan hy” (versreëls 3, 9 en 21). Dit skep eenheid en beklemtoon.
4. **Inkeping:** die versreël, byvoorbeeld versreël 7, begin verder van die kantlyn af. Dit help om te beklemtoon.
5. **Liriese gedig** *(lyrical poem)*: Die gedig het ʼn sangerige effek. Dit is gevoelvol en emosioneel.
6. **Metafoor**: “hy maak die pante bymekaar” (versreël 26)
7. **Progressie**: ontwikkeling en verandering
8. **Vrye vers**: geen vaste rymskema nie

9. **STROFE 1:alleenplasing** van versreëls 2 en 3 verwys na die inhuldiging van Nelson Mandela op 10 Mei 1994.
   “sandkliphart” (versreël 1) verwys na die Uniegebou in Pretoria; dit is die hart van die regering.

**Woordspeling**: "om kop en skouers uit te staan" (versreël 4). **Letterlik** (hy is lank), **figuurlik** ('n leier).
**Alliterasie**: die **sk**-klank is opvallend vir uitheffing *(emphasis)*. (versreël 4)
Versreël 6: **s**-alliterasie: "**s**andkleurige **s**eun"
Versreël 7: **m**-alliterasie: "**m**a van **M**andela"

**Versreël 6**: Die klem val op "hy". Hierdie patroon herhaal in versreëls 8, 13, 17, 20, 26, 28 tot 30.
"die sandkleurige seun": dit verduidelik die ligte velkleur van Nelson Mandela, maar **figuurlik** was hy die hart van die mense in die land. ("sandkeurige" pas aan by "sandkliphart")
**Versreël 8**: "vlesig" kan verwys na sagte hande (figuurlik) en dat hy altyd met sagmoedigheid *(gentleness)* na situasies gekyk het.
**Versreëls 10 tot 12**: noem Nelson mandela se voorgeslagte.
**Versreël 13 en 14**: noem die plek waar hy vandaan kom en die naam van systam.
**Versreël 14**: "heelmaker" – hy het 'n verdeelde *(divided)* volk weer "heel" gemaak *(healed)*. Die woord word ook in versreël 29 herhaal.

10. **STROFE 2:** 'n uiterlike beskrywing – die moesie *(mole, birth-mark)* op sy bolip.

11. **STROFE 3:Versreël 16** sluit aan by die titel
**Versreël 17:** karaktertrek van Nelson Mandela – hy is altyd waardig *(dignified)*
**Versreël 18:** hy was die eerste leier van Umkhonto we Sizwe *(Spear of the Nation* – die militêre vleuel van die ANC). "ratelaar" is 'n metafoor met verskillende betekenisse: hy was rateltaai *(very tough)*, hy het dinge laat gebeur, hy het mense laat wakker skrik *(rattled their cages)*. Hy was 'n vryheidsvegter.
**Versreël 19:** "die swart pimpernel" – dis wat die pers *(media)* hom genoem het, want hy het herhaaldelik *(repeatedly)* daarin geslaag om die polisie te ontduik *(avoid)*.
**Versreël 20:** 'n herhaling van versreël 17.

12. **STROFE 4:Progressie** vanaf versreël 3 na 16 na 21 – "staan hy" brei uit na "hier staan hy" tot "hier staan hy dan nou voor ons".
**Versreël 22:** sy naam word uitgehef in een volle versreël.
**Versreël 23 tot 24:** Rolihlahla is die naam wat met sy geboorte aan Nelson Mandela gegee is. "ihlahla" beteken tak, en "rola" beteken om uit te trek, dus beteken die naam letterlik "tak wat getrek word". Die pryssanger teken 'n prentjie met sy **letterlike** betekenis van die naam, maar wys so op die **metaforiese** betekenis van die prent: die sleepsel *(trail)* van die tak en sy blare lê wyd –Nelson Mandela se nalatenskap *(legacy)* lê wyd, nie net in ons land nie, maar oor die wêreld heen.
**Versreël 25 tot 31:** Hy is 'n legende en dan volg 'n beskrywing in die vorm van baie metafore om sy deugde *(virtues)* te beskryf.
**Versreël 26 en 27:** Hy het 'n verdeelde land weer verenig. Hy bring 'n mate van herstel na die apartheidsjare wat die land kwaad aangedoen het. Die digter gebruik **inkeping** om te beklemtoon.

**Versreël 28:** Hy het ons almal weer gewys wat Ubuntu beteken. Hy herstel gebroke verhoudings tussen swart en wit mense – hy bring versoening *(reconciliation)*

**Versreël 29:** Hy het ons nasie heelgemaak en vrede gebring ná jare van letterlike en figuurlike oorlog (versreël 30).

**Versreël 31:** Herhaling van die woord "vrede" omdat nasies net kan groei as daar vrede is.

## C WOORDVERKLARINGS

1. **heelmaker (***healer)*: iemand wat dinge heel maak / reg maak.
2. **klein swart ster** *(tiny black star)*: dit verwys na die president se moesie *(mole)* op sy bolip
3. **opspoorder van harte**: hy het die mense geleer om vir mekaar om te gee
4. **houtskool** *(charcoal)*: verkoolde (halfverbrande) hout
5. **houtskool en as is sy hare**: hy begin grys word
6. **palmkussings** *(palms of the hands*): handpalms; die binnekant van hande
7. **pante***(panel)*: die verskillende dele van 'n kledingstuk *(clothing)*; ge*deeltes*
8. **pimpernel** *(the Scarlet pimpernel)*: 'n karakter in 'n storie; die storienaam van iemand watvir 'n ruk verdwyn en dan weer ewe skielik geien word
9. **priem** *(pierce)* deurboor, *steek*
10. **pryslied** *(song of praise)*: 'n lied/gedig wat die roem *(fame)* en eer *(honour)* van 'n besondere mens besing.
11. **sandkliphart:** 'n beeld wat verwys na die Uniegebou in Pretoria, wat van sandklip gebou is
12. **stig** *(creates)*: iets maak of begin
13. **verskeurde** *(torn)*: wat verskeur *of stukkend is*

**No one is born hating another person because of the color of his skin, or background, or religion. People must learn to hate,and if they can learn to hate, they can be taught to love, for love comes more naturally to the human heart than its opposite.**
**– Nelson Mandela**